

VOORBIDDING:



**Wêreld:** Indiese Oseaan Eilande: Comore, Madagaskar, Maldive-eilande, Mauritius en Seychelle. Oplossing vir konflikte [Palestynse-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

**RSA & Dorp:** Regering en regerende instansies - kabinet, provinsiale regering en stadsraad. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geëffekteerdes. Dwelmafhandlikes en -geëffekteerdes. Groter

eenheid tussen alle Suid-Afrikaners, ongeag taal en ras; die armes, werkloos en gemarginaliseerdes in ons samelewing. Reën wat ons so nodig het en oordeelkundige gebruik van water.

**Gemeente & Kerk:** Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Elize le Roux van Kleinvallei 22 is ernstig siek en is opgeneem in Vergelegen Mediclinic.

**Meengevoel:** 'n Oud-gemeentelid, Rina Esterhuize, is verlede Saterdag in die ouderdom van 91 jaar oorlede.

**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Jana Basson (Pinotage), Nico Coetzee (Vrede plaas), Leon Fouché (St. Francis) en Zea Stevens (Olive Grove).

Dankbaarheid kan 'n entstof wees wat kan voorkom dat 'n onvergenoegde gesindheid jou besmet. Net so voorkom die teengiwewe die rampspoedige gevolge van die giftige gewoonte van foutvindery en 'n gemor.

Wanneer probleme oor ons pad kom, het 'n gees van dankbaarheid 'n strelende anti-septiese uitwerking.

Clinton Cox

**GROENgedagte #98** 22 Mei is internasionale dag vir BIODIVERSITEIT. Wat is dit? Biodiversiteit is die somtotaal van alles op aarde wat leef - van gene tot spesies tot volledige ekosisteme. Om biodiversiteit te bewaar, moet ons na al die onderafdelings daarvan omsien. Dit sluit in funksionerende natuurlike habitate, die spesies wat in sulke habitate voorkom, en die ekologiese wisselwerking tussen spesies en hul omgewings. Die Kaapse Blommeryk is een van die wêreld se belangrikste biodiversiteitsgevaarpunke weens die buitengewone natuurlike diversiteit aan die een kant, en die gevaarlike hoë vlakke van habitatvernietiging aan die ander. Dis dringend noodsaaklik dat menslike optrede in ons gefragmenteerde moderne landskap bestuur word, veral in die hoogsbedreigde laeland renosterveld- en fynboshabitat, waarvan daar slegs brokke nog in hul natuurlike staat oor is. Hier is vir jou 'n uitdaging: vind uit waar in die Stellenboschomgewing daar nog Renosterveld is en gaan kyk hoe dit lyk. En onthou – biodiversiteit is lewensnoodsaaklik vir alle lewe op aarde.



# WELWEEK

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou  
Om so sy groot opdrag uit te leef.



## Sondag 20 Mei 2018 Pinksterfees

Pinksterfees

<b>Tema</b>	Aan tafel saam met die Gees van God.
<b>Teks</b>	Johannes 15: 26-27
<b>Prediker</b>	Elzanne van der Westhuizen
<b>09:30</b>	Erediens en Nagmaal
<b>09:30</b>	Kleuterkerk en Junior kategese
<b>11:30</b>	Gemeente-ete (leeskamer)
<b>18:00</b>	Tienerbediening: PINKSTER belewenis

Jaartema:  
Dissipels ontvang en soek die geskenk van gemeenskap.

### Baie dankie!

Baie dankie aan al die sopkokers en broodjie-makers wat gehelp het om ons Pinksterbyeenkomste in die aande nog meer gesellig te maak. Dit was heerlik!

### Gemeente-ete vandag!

Ons sien uit na 'n lekker saamkuier-geleentheid vandag hier by die kerk. Ons gaan vanaf 11:30 saamkuier in die leeskamer. Onthou net jou eie drinkgoed en glase.

#### Is jy nuut hier by ons?

Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet gerus ook 'n koppie tee in die vierkant. Jy kan ook vandag boeke by die biblioteek in die vierkant uitneem.

### Kerktuin-nuus

Gaan maak gerus 'n draai by die gemeente se groentetuin agter die kerk. Een van die dae oes ons wortels en beet!

Word ook deel van ons opwindende projek wat vir September beplan word: Aan die einde van die winter, met die koms van Lentedag en in die kerkjaar die *Seisoen van die Skepping*, wil ons gemeentelede aanmoedig om van die klein Checkers-potjies vir ons te skenk. Bring dit solank na die kerkkantoor of bring saam erediens toe en sit in die mandjies by die deure.



**PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 21/5 tot Sondag 27/5**

Di 22/5	19:00	Kerkraadsvergadering in die konsistorie.
Wo 23/5	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	Geloofsgroei byeenkomste in die konsistorie. Almal Welkom! <b>Marktafel en Kuintafels</b> in die vierkant
So 27/5	09:30 09:30 18:00	<b>Triniteitsondag en ons Dankdiens</b> <b>Erediens:</b> Chris Jones Junior Kategese en kleuterkerk Tienerbediening

**Die deurkollekte vandag gaan aan Gemeente-ontwikkeling:** Die Raad vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking is 'n gesamentlike werksaamheid van die NGK en VGK wat fokus op kerkplanting as belangrike wyse van evangelisasie in nuwe stadsgebiede, maar ook in gebiede waar plaaslike geloofsgemeenskappe nie die kapasiteit het om hierdie uitdaging alleen te hanteer nie. Dit wil die missionêre uitdagings wat 'n nuwe Suid-Afrika aan ons stel op konkrete wyse hanteer deur nuut te dink oor die kerk, wat die klassieke Evangelie op 'n vars manier kan laat leef, ook in die mees armoedige konteks.

Die deurkollekte verlede week vir Gemeentebediening was R2 376-00. Baie, baie dankie!  
**Volgende week se deurkollekte gaan aan die Teologiese Kweekskool.**

**Betaal met Snapscan!**

Laai dit af op jou slimfoon by <http://www.snapscan.co.za/user.html>. Onthou asb om die "Enter Reference" in te vul.



**Bankbesonderhede**

Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)  
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**

Telefoon: 021 886 5975  
Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)



**B-aksie insamelings**

Aangesien Meimaand ons gemeente se Dankbaarheidsmaand is, fokus ons Barmhartighedsaksie nie op 'n spesifieke insameling nie. Ons deurkollekte fokus tydens Mei op sinodale gemeente-ontwikkeling. Hou die Welweek dop vir Junie se versoeke.

**Geloofsgroei: tweede kwartaal**

In die tweede kwartaal kyk ons na hoe ons die Bybel leef elke dag. Hoe ons die Bybel lees en dan leef binne God se groot verhaal, help ons om die konteks van die Bybel te verstaan en die Bybel verantwoordelik te gebruik in ons lewens elke dag. Daar is weer twee geleenthede elke Woensdag om 09:00 en 19:00 by die kerk in die konsistorie. Almal is welkom - jy val in en uit soos dit jou pas!  
Aanbieder: Leon Cronje

In die normale lewe is 'n mens nie bewus daarvan dat hy oneindig meer ontvang as wat hy gee, en dat dankbaarheid die lewe verryk nie. Mense onderskat dikwels hul eie dae en hul betekenis ten opsigte van dit wat die mens slegs deur ander is. *Dietrich Bonhoeffer*

**Dankbaarheidsmaand**

Meimaand is Dankbaarheidsmaand. Die dienswerkers is besig om in die wyke om te gaan en dankbaarheidsmaand-koeverte en -pamflette te versprei. Daar is ook koeverte en pamflette by die deure en op die inligtingstafel in die leeskamer beskikbaar. Om bankkoste te bespaar, moedig ons gemeentelede aan om sover moontlik bydraes elektronies in ons bankrekening in te betaal. Bewyse van betaling kan ook in die koevert gesit word en op ons Dankdiens op Sondag 27 Mei na die



kerk gebring word.  
Baie dankie vir almal se bydraes!  
Baie dankie ook aan al die

dienswerkers wat so hard agter die skerms werk! Julle ywer en entoesiasme word opreg waardeer!



**Kevin Leo kom kuier by Stellenbosch Senior Burgers**

**Datum:** Donderdag, 24 Mei 2018  
**Plek:** NG Kerk Stellenbosch-Wes Alexanderstraat 3

**Tyd:** 10:00  
**Toegang:** Gratis

**Navrae:** 082 825 7830



**VUUR EN VLAM**  
Jeugbediening  
Konferensie 2018

**Saterdag 26 Mei**  
12:30 - 20:30

Koffie, Tee en Klein ete ingesluit

Temas in verskeie werkwinkels:

- Kultuur Bediening -
- Kinderbediening -
- Mentorskap -
- Berading -
- Worship -
- Kreatiewe Gebed -

Koste: R50  
Stellenberg Gemeente  
H/v Eidelweis en Mountain View Rylaan

RSVP met Naam en Van na [sunet@stellenberg.co.za](mailto:sunet@stellenberg.co.za)

As jy nog twyfel waar jy wil inskakel by die gemeente, lees gerus die agterste drie blaai van die kerkalmanak. Dit bevat waardevolle inligting oor al die aksies wat ons gemeente ondersteun, of skakel die kerkkantoor om te hoor waar die nood baie groot is.

HUISGELOOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by [www.stelwel.co.za](http://www.stelwel.co.za). Kopieë is ook by die deure beskikbaar.

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdekseel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.